## 23 Mei — Jesaja 1

### *Die Verbondsgod het kinders grootgemaak*

As jou bees of donkie, of jou troeteldier sy rug op jou draai, bereken jy jou skade en gaan aan. Dis 'n ander saak as jy 'n kind aanneem en met al jou liefde versorg en opvoed, en hy verwerp jou.

God het nie net dinge geskape nie, maar ook kinders. Daar is 'n verhouding tussen Hom en Israel, en ons wat in Hom glo. Dat God 'n Liefdevolle Vader is kom al vroeg uit die Ou Testament - dis nie net iets van die Nuwe Testament nie. As selfs die onnoselste huisdiere (vers 1) weet wie vir hulle sorg; hoe kan dit dan wees dat Israel hierdie wettige verhouding wat op liefde gegrond is kan verbreek? Die gelowige wat maar maak soos wat hy lus is sonder om die Here te erken, rek nie 'n toesighoudende God se geduld nie, maar vertrap die liefde van die Een wat hulle met liefde oorlaai het (Heb. 6:6). Dit is nie bloot 'n fout of "sommer sonde" nie; dit is absoluut gemeen. Soveel te meer noudat Hy die Nuwe Testament ingelui het deur sy eie Seun in ons plek te offer om ons groot te maak en op te voed as sy kinders.

"Kerk hou" en godsdienstige verpligtinge nakom, maak dit nie reg nie. Lees maar verse 10-17. God, die Almagtige, moes die objek van Israel se liefde en ook ons s'n as verbondskinders gewees het. Nou is Hy vir hulle en vir baie mense, met respek gesê, 'n gek vir wie hulle probeer bluf.

Daar is nie meer plek om hulle te slaan nie. Is ons nie al amper so geslaan nie? Verse 5-9: 'n Afwaartse ekonomie, misdaad, werkloosheid, ens. Maar luister is min. Waarom nie? My volk begryp nie wat Ek vir hulle gedoen het nie (vers 3).

Onthou dit: Van 'n volk bly niks oor as hy onbepaald voortgaan met opstand teen God nie. Laat ons luister. Die saak met die Here moet besleg word. Gaan daar bekering wees sodat Hy 'n oorblyfsel kan laat oorbly? Die ware oorblyfsel is Jesus Christus.

Wie in Hom as geregtigheid bly, deur die krag van die Heilige Gees, sal God se getroue stad wees in wie Hy ook bly.

Sing: Psalm 100

Ds. J. Malan (De Aar)